

# NORTH WEST NOORD WES LEAGUE 2

## 16 MAART 2014

BY NICO ERASMUS

**“EK HET NOOIT GEWEET ‘N MENS KAN TWEE EMOSIES GELYKTYDIG ERVAAR NIE, MAAR EK HET DIT WEL VOOR DIE KOMPETISIE ERVAAR. ”**

**Ek was op gewonde en lus vir vlieg en om weer te kuier saam met die manne,** maar ek was ook baie benoud want ek het nie geweet wat die weer gaan maak nie, of dit gaan reën, en of die manne van Gauteng gaan kom of nie, maar my bekommernis was alle verniet, want sesuur Sondag oggend toe bel Max om te vra hoekom die hek nog nie oop is nie. Ek het toe geweet dit gaan ‘n fantastiese komp wees, en dit was toe ook so gewees. Dit was maklik die beste vliegweer wat ek nog op ‘n kompetisie ervaar het, seepglad, kan dit nie op ‘n ander manier beskryf nie.

Die Judges vir die naweek was Max, Grant, Sebastiano en Nico. Alhoewel ek die werkslading so gelyk moontlik onder die Judges versprei het, was een of twee bietjie ongelukkig en het gekla dat die las te veel op hulle was, maar gelukkig het Calvin ons toe uitgehelp en was almal toe weer gelukkig.

Na Sebastiano vir ons met gebed geopen het, het ons vinnig Pilotsbreefing gehou, en toe het die stryd begin met die Intermediate klas, wat verblydend die grootste klas was, aan die spits. Die twee nuwelinge, Pieter en Hercules, het maar senuagtig begin, maar het algaande rustiger geword en behoorlik die stryd met Sebastiano en Hugo aangeknoop. Aan die einde was Hugo eerste, Pieter tweede, Sebastiano derde en Hercules vierde. In die Advanced klas was die stryd hewig tussen Hadri en Micheal, en is toe op die ou end deur Hadri gewen, Michael tweede en Nico derde. In die Masters klas was dit ‘n epiese stryd tussen Max, Max en Max met Max wat gewen het. In die F3A klas het Grant weereens gewys dat hy een van die land se top Pilots is en Calvin behoorlik die stryd aangesê, Calvin was egter die keer net te goed vir hom en het eerste gekom.

Na die afsluiting van die kompetisie, het die res van KRF se lede opgedaag met ‘n paar baie interessante vliegtuie en ek kon sien die Gautengers het toe nie lus gehad om terug te gaan nie, dit het nou eenmaal na te veel pret gelyk. Ek dink hulle moet maar as country members aan sluit, dit is baie lekkerder by ons as by hulle.

Pilot	Rd1	Rd2	Rd3	FINAL % Norm	
<b>INTERMEDIATE</b>					
Hugo Erasmus	59.24	53.48	64.24	61.74	2000
Pieter Botha	54.70	53.79	55.76	55.23	1918
Sebastiano Sacca	50.91	54.09	55.76	54.92	1868
Hercules Myburgh	41.97	49.85	42.88	46.36	1630
<b>ADVANCED</b>					
Hadri Lombaard	63.70	65.98	54.67	64.84	2000
Michael Sacca	59.78	61.63	64.02	62.83	1939
Nico Erasmus	53.59	56.85	53.70	55.27	1703
<b>MASTERS</b>					
Max Buizer	56.83	52.50	58.42	57.62	2000
<b>F3A</b>					
	<b>P</b>	<b>P</b>	<b>F</b>		
Calvin Schroll	71.50	75.25	44.00	73.38	2000
Grant Brook	69.75	63.92	57.21	66.83	1976

